NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N AD HOC VERGADERING VAN DIE MODERATUURSLEDE : 28 FEBRUARIE 2006

1. PRESENSIE

Teenwoordig:

Ds Hansie Schutte (Voorsitter)
Dr Chris van Wyk (Ondervoorsitter)
Dr Schalk du Toit (Aktuarius)
Ds Danie Mouton (Skriba)
Dr Jan Viljoen (DA)
Ds Barnard Steyn (BNet)

2. VOLGENDE VERGADERING VAN DIE VOLLE SK

2.1 Die vergadering neem kennis dat die volle SK volgens die jaarbeplanning aan die einde van die Bosberaad sou vergader. In die lig van die vervanging van die Bosberaad met gedesentraliseerde Leraarsbyeenkomste, bly hierdie vergadering van die SK in die slag.

2.2 Insette vanuit die Leraarsbyeenkomste moet verkieslik by 'n volle SK-vergadering bespreek word.

2.3 Aanbeveling:
Die volgende vergaderdatum van die SK-Dagbestuur word gebruik om die volle SK bymekaar te roep. Die SK-Dagbestuur kan onmiddellik na die SK vergader om aan bestuurstake aandag te gee.

3. BEPLANNING : LERAARSBYEENKOMSTE IN RINGSVERBAND

3.1 Lede beplan die logistieke reëlings rondom die byeenkomste.

3.2 Lede werk deur olv Chris van Wyk die voorgestelde materiaal vir die byeenkomste om vertroud daarmee te raak.

4. VERTEENWOORDIGING OP DAGBESTUUR: UK VAN DIE KONVENT

4.1 Tydens die pasafgelope UK-vergadering is besluit om 'n dagbestuur vir die UK in die lewe te roep. Twee lede van die afvaardiging na die UK moet as dagbestuurslede aangewys word.

4.2 Aanbeveling:
Chris van Wyk (sek Hansie Schutte) en Danie Mouton (sek Schalk du Toit) word aangewys.

5. FASILITERING: PERSONEELVERBINTENIS

5.1 Ooreengekom dat mnr Johan Kotze en/of dr Theo Marais genader sal word vir die fasilitering.

6. AFSLUITING

Ds Hansie Schutte sluit met gebed af.